

Mediaverklaring

SOS skenk R10 000 aan jong Wiskunde-fundi van die Paarl Vallei

2019-06-03

Die Skoleondersteuningsentrum het tydens die aanvang van sy jaarlikse onderwyserskongres in die Wes-Kaap, R10 000 aan die 17-jarige Danielle Kleyn oorhandig. Dit dien as beloning vir haar uitsonderlike Wiskunde-prestasies die afgelope twee jaar.

Dannielle, 'n graad-elf leerder aan die Hoërskool Parel Vallei in die Wes-Kaap, is in April as die beste vroulike deelnemer aan die Pan-Afrika Wiskunde Olimpiade gekroon. Dit is die tweede jaar in 'n ry wat sy dié uitsonderlike prestasie behaal.

Danielle het boonop die toets in Engels afgelê, hoewel sy haar ganse skoolloopbaan in Afrikaans skoolgaan. “Dit is 'n bewys dat onderrig in jou moedertaal akademiese sukses verseker, al gaan leerders later jare in Engels skool,” sê Dr. Danie Brink, besturende direkteur van die SOS, tydens die kongres by die Laerskool Durbanville gesê. Die Wes-Kaapse been van die onderwyskongres is deur 165 onderwysers van 50 skole bygewoon.

“Hierdie prestasie is ook die gevolg van Danielle se deurlopende harde werk en deursettingsvermoë, twee van die belangrikste boustene van sukses en kwaliteit wat die SOS hoog op prys setl,” sê Brink.

Volgens Brink belê die SOS graag in die opleiding van belowende jong onderwysers en wil die organisasie harde werk beloon. Daarom het die SOS ook 'n studiefonds op die been gebring wat vanjaar reeds behoeftige onderwysstudente bystaan.

“Hoewel Danielle nog nie seker is wat sy wil studeer nie, wil ons graag van hierdie geleentheid gebruik maak om haar te beloon vir haar besonders prestasie. Daarom oorhandig die SOS aan haar 'n eenmalige kontantbedrag van R10 000, sodat sy haar passie in Wiskunde kan bly uitleef deur aan ander internasionale kompetisies deel te neem en verdere opleiding in Wiskunde te ontvang,” sê Brink.

Sowat 200 onderwysers het die SOS se onderwyskongres hierdie naweek by die Laerskool Durbanville in die Wes-Kaap bygewoon. Dit is die 7de jaar wat die kongres plaasvind en dit is jaarliks die grootste Afrikaanse onderwyskongres in Suid-Afrika. Die Gautengse been van die kongres vind volgende week in Centurion plaas.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion